

- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Job

Die man wat aan God bly vasklou het

Sy verhaal

Hy sien hoe sy hande-in-die sye na hom staan en kyk, ’n ontevrede trek op haar gesig. Sou sy hom dalk verkwalik vir wat gebeur het? Die hemel weet, hy voel al sleg genoeg soos dit is!

Hy vat ’n potskerf van die ashoop en krap al om een van die swere waarmee sy hele lyf oortrek is. Die gekrap wil nie juis help nie, maar dit troos darem as hy so al rondom die swere …

“Sssss,” trek hy sy asem skerp in as die pyn deur sy lyf skiet. Hy het per ongeluk ’n sweer raakgekrap.

“Jy weet, Job, ek sal jou nooit verstaan nie,” sê sy.

“Wat is dit dan nou?”

“Kyk om jou: jy het niks meer oor nie. Jou osse, jou donkies, jou kleinvee, jou kamele, jou slawe, jou kinders …” ’n Snik klink in haar keel toe sy dit sê, sodat sy moet sluk. “Ons kinders! – ons het niks oor nie. Niks! En kyk hoe lyk jy! Net ’n patetiese bondel stinkende swere. En wat sê jy? ‘Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here.’ Gmf!”

Haar stem koggel hom as sy hom namaak, en elke woord is ’n dolksteek in sy hart. Maar hy byt op sy tande en sê niks, kyk haar net met hartseer oë aan. Hoe graag sou hy nie wou hê dat sy hom in sy donkerste uur moet bystaan nie!

“Vir wat sit jy net daar en sê niks? Vervloek God, man. Dis al wat nog vir jou oorbly. Vervloek God en sterf dan.”

Toe kan hy dit nie meer hou nie, en al die seer van die afgelope paar weke borrel uit. “Jy praat nou soos ’n vroumens sonder verstand. As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?”

“Hoe kan jy in God bly glo as Hy al dié dinge oor jou gebring het?”

“Hoe kan ek ophou glo? Hy is dan al wat ek oor het.”

Job 1:1-2:10

Pas jy dalk in dié storie?

Dis maklik om in God te glo as alles met jou goed gaan. Dis dan maklik om vir almal te vertel dat God groot is en goed is. Jy beleef immers elke dag hoedat Hy sorg en voorsien.
Dit het met Job ook goed gegaan, en hy het in God geglo. Die duiwel het egter ’n teorie gehad oor Job se geloof. Sy teorie was dat dit nie net maklik is om te glo as dit goed gaan nie. Sy teorie was dat jy glo juis omdat dit goed gaan. Omdat jy gesond is, omdat jy ’n goeie werk het, omdat jou finansies redelik is, omdat jy ’n goeie vrou en oulike kinders het. Omdat jy al hierdie dinge het, glo jy, want jy weet dis Hy wat dit vir jou gegee het. Dit sou dom wees om op te hou glo en die rug op die Een te draai wat vir jou sorg. Dit sou net so onnosel wees as om die gans wat die goue eiers lê, te slag. So gaan Satan se teorie.
En dan gebeur die onverstaanbare. God laat Satan toe om sy teorie in die praktyk te toets, en Job bewys Satan verkeerd, maar met watter katastrofale gevolge vir hom en sy huis! Hy verloor alles wat hy het; alles wat vir hom lief en dierbaar was. Sy vrou raak bitter en draai die rug op God en op hom; sy vriende vermaan hom om te erken dat dit op een of ander manier sy eie skuld is dat alles oor hom gekom het. En Job sit alleen. Hy verstaan nie wat aan die gang is nie.

Hoe nou gemaak?

Ek moet erken dat ek ook nie verstaan wat in die Job-verhaal gebeur nie. Hoekom laat God Satan toe om Job en sy dierbares te tref? Waarom raak Hy betrokke in so ’n soort weddenskap waarin Job ’n proefkonyn word, uitgelewer aan die nukke en grille van Satan? Goed, Satan mag nie sy lewe geneem het nie, maar ek verbeel my dit sou vir Job verkieslik gewees het bo wat hy alles moes deurmaak!
Wat is hier aan die gang? Ek weet nie. Ek weet regtig nie, want dit wat hier gebeur, skeur die prentjie van God wat ek in

my kop omdra, nogal taamlik stukkend. Is Hy dan nie ’n God van liefde nie? Het Jesus dan nie gekom, dat ons die lewe kan hê, en dit in oorvloed (Johannes 10:10) nie?
Miskien is dit die beste om te maak soos Job. Hy verstaan ook nie wat aan die gang is nie. Al wat hy in sy nood en onbegrip kon doen, is om aan God vas te klou, al lyk God vir hom skielik glad nie so vriendelik nie. Hy weier om vir God te los, want God self was die enigste sekerheid wat hy oorgehad het. Net God.
En gaandeweg, deur sy worsteling om te verstaan wat met hom gebeur, ontdek hy dat dit nie hy is wat aan God vasklou nie; dis God wat hóm vashou! Hoor wat bely hy in Job 19:25-27:

“Ek weet dat my Losser leef,
uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer!
Selfs nadat hierdie siekte my vel weggevreet het,
sal ek nog lewe en God sien.
Ek sal Hóm sien,
met my eie oë sal ek Hom sien, Hom en niemand anders nie.
Ek smag daarna met my hele lewe.”

Klou vas, verbete! En weet dat God jóú ook nie sal los nie, want ons Verlosser leef, en Hy hét op die aarde triomfeer. Op Golgota.

Onlangse Bydraes

- Josef, die man wat koelkop gebly het in versoekings
- Potifar se vrou, wat nie met haar lyf en haar luste raad geweet het nie
- Tamar, die vrou wat haar eie skoonpa verlei het
- Joh 12:12-19 Verras deur die Man op die geleende donkie
- Juda

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my

- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026